IMPAK-VERSLAG

#MOVE 4 FOOD

April 2020 - Junie 2021

ALUMNI

UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

#MOVE 4 FOOD

Die koronaviruspandemie het ons wêreld deurmekaar gekrap. Ten spyte daarvan, het ons tog, danksy die gewaardeerde steun van personeel, individuele skenkers, nywerheidsleiers, plaaslike en internasionale trusts en stigtings en alumni en vriende van die Universiteit daarin geslaag om getrou te bly aan ons kernopdrag – om die volgende geslag op te voed terwyl stabiliteit by die Universiteit Stellenbosch gehandhaaf word" -

Prof Wim de Villiers,
Universiteit Stellenbosch Rektor en Visekanselier.

Inhoudsopgawe

'n Boodskap van die Senior Direkteur 2

Voedsel-onsekerheid onder studente 3

Ons takel voedsel-onsekerheid by US: #Move4Food
- kyk terug, beweeg, vorentoe: #Move4Food 5

Imperking 2020/2021: #Move4Food
- U vrygewigheid in syfers 8

#Move4Food: Hoe u 'n verskil kan maak 10



'n Boodskap van ons Senior Direkteur

Karen Bruns
Senior Direkteur: Ontwikkeling en Alumni-betrekkinge

Ons bevind ons werklik in 'n buitengewone tyd. Die Covid-19-pandemie het die wêreld op sy kop gekeer en elke aspek van ons lewens beïnvloed. Die pandemie is nou meer as bloot 'n openbare gesondheidskwessie — dit het die bestaande sosiale ongelykhede onder Suid-Afrikaners, insluitende werkloosheid en honger vererger.

By die Universiteit Stellenbosch het ons die uitwerking van die pandemie se sosio-ekonomiese gevolge op ons studentegemeenskap gesien. Honger en voedselonsekerheid onder studente het oor die afgelope jaar vinnig op ons kampusse toegeneem, maar deur ons #Move4Food-fonds was dit vir ons moontlik om gedurende hierdie besonder uitdagende tye 'n mate van verligting vir ons studente te bied.

Dit sou nie moontlik gewees het nie sonder u milde skenkings aan ons #Move4Food-inisiatief wat daarna strewe om volhoubare oplossings te vind om voedselsekerheid vir al ons studente te verseker.

Hierdie ongekende tye vereis groter veerkrag en inniger deernis en ons het beslis hierdie waardes in die geweldige gees van vrygewigheid by ons alumni, skenkers, ouers en vriende van Universiteit Stellenbosch gesien.

Ons fokus is op die voorsiening van die beste opvoedkundige ervaring vir al ons studente en om hulle in staat te stel om binne en buite die klaskamer te groei. U voortgesette steun help ons om hierdie visie vir en verbintenis aan ons studente te verwesenlik.

Terwyl ons voortgaan om die uitdagings wat deur hierdie pandemie gebied word te trotseer — wees asseblief daarvan verseker dat ons dankbaar is vir u onwrikbare steun. U gulhartigheid maak 'n werklike verskil aan die ervarings en sukses van ons studente.

Namens die hele Universiteit Stellenbosch-gemeenskap, dankie!

Voedselonsekerheid onder studente

Voedselonsekerheid by Suid-Afrikaanse universiteite blyk min aandag te geniet weens die wanpersepsie dat diegene wat universiteit bywoon, bevoordeel is en dat daar voldoen word aan hulle basiese behoeftes. Die droewe werklikheid is dat 'n gebrek aan toegang tot bekostigbare en voedsame voedsel op Suid-Afrikaanse kampusse baie voorkom en die Universiteit Stellenbosch is nie 'n uitsondering nie.

Voedselonsekerheid behels veel meer as om 'n maaltyd oor te slaan, dit behels 'n magdom faktore wat wanvoeding, vetsug en die gebrek aan 'n gevarieerde dieet insluit. Om honger te wees, beïnvloed ons studente se vermoë om op hulle beste te presteer; dit onderbreek hulle konsentrasie en trek hulle energie van hulle studies weg en vestig dit op die vraag na waar hulle volgende maaltyd vandaan gaan kom.

'n Aansienlike aantal van ons studente-gemeenskap ly onder 'n groot sosio-ekonomiese benadeling en loop die risiko van herhaalde voedselonsekerheid. Selfs al ontvang 'n student 'n beurs, dek die beurs in sommige gevalle slegs die studiegeld en akkommodasie wat die student laat met baie min geld vir noodsaaklikhede waarmee hulle families net nie kan help nie.

Dit is die realiteit vir 'n toenemende aantal van ons studente. Diegene wat befondsing van die Suid-Afrikaanse regering se Nasionale Studente Finansiële Hulpskema- (NSFAS-)-program ontvang, kry 'n klein voedseltoelaag wat onvoldoende is om hulle behoeftes te dek. Studente rapporteer dat hulle besnoei op die aantal maaltye wat hulle per dag of per week eet om hulle voedseltoelaag oor die jaar te rek, veral as hulle in koshuise bly waar die gemiddelde koste meer as R40 per voorsiende ete is.

Die risiko van voedselonsekerheid is verder verhoog deur die Covid-19-pandemie. Die Covid-19-pandemie is nie slegs 'n openbare gesondheidskwessie nie — dit het en hou aan om 'n enorme impak op die ekonomie en op mense se bestaan te hê. Die pandemie en gepaardgaande inperkings het ontsettende gevolge op ekonomiese aktiwiteit gehad — die heersende uitdagings van armoede, ongelykheid en werkloosheid in ons land is daardeur vererger.

Honger en voedselonsekerheid blyk 'n kritiese uitdaging te wees. In 'n opname wat die Nasionale Studie vir Inkomstedinamika (NIDS) – Mobiele Opname oor die Coronavirus (CRAM) gedurende 2020 gedoen het, was daar sterk getuienis dat honger in huishoudings skerp toegeneem het tydens die pandemie, en dat voedselonsekerheid in huishoudings ook toegeneem het.

Die resultate van 'n nasionale studie deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) (gepubliseer in Junie 2021) oor die impak van Covid-19 op studente in die naskoolse onderwys- en opleidingsektor het getoon dat 41% van die studente in die opname tydens die inperking nie in staat was om hulle eie voedsel te koop nie; 10% van hierdie getal het op voedselskenkings staatgemaak en 15% het op sommige dae honger gely.

'n Soortgelyke tendens van 'n toenemende behoefte aan voedselsteun is opgemerk by die Universiteit se Sentrum vir Studentevoorligting en Ontwikkeling (SSVO) wat in samewerking met ander steundienste op die kampus werk om die voedselonsekerheidskwessie by die Universiteit Stellenbosch aan te spreek.

VIR MEER FOTO'S VAN GELEENTHEDE BESOEK
www.facebook.com/pg/stellenboschalumni/photos/

Ons takel voedsel-onsekerheid by US: #Move4Food

Die #Move4Food-program is in 2018 van stapel gestuur met die doel om geld in te samel om die voedselsekerheidsinisiatiewe by die Universiteit Stellenbosch te help handhaaf. Sedert die aanvang daarvan het die projek 'n merkbare bydrae gemaak tot die skep van 'n finansiële veiligheidsnet vir studente uit agtergronde met weinig finansiële middele wat die grootste risiko loop om honger te ly. Die lewenskragtige en jeugdige #Move4Food-inisiatief het sedert 2018 ons studentegemeenskap saam met personeel, alumni en skenkers byeengebring om 'n kwessie aan te raak wat op ons en ander kampusse reg oor die land 'n werklikheid is. Dit skep die moontlikheid vir 'n onmiddellike oplossing van 'n ingewikkelde kwessie waarby ons steun- en akademiese personeel saam betrokke moet raak om oplossings te vind.

'n Uitstaande kenmerk van #Move4Food is dat studente, personeel, alumni sowel as vriende van die Universiteit Stellenbosch deelneem aan sportgeleenthede om geld in te samel ten bate van studentehonger. Die bewustheid wat deur hierdie veldtogte geskep word, het baie verrig om die stigma van nie-genoeg-hê-nie te verwyder en 'n veilige ruimte vir studente te skep sodat hulle na vore kan tree en om hulp vra.

Sedert die aanvang van #Move4Food in 2018, het ons 'n magdom van opwindende geleenthede en aktiwiteite gehad wat ons personeel, studente, alumni en ons vriende byeengebring het — almal het hard gewerk vir die gemeenskaplike doel om 'n einde te maak aan studentehonger op ons kampusse. Met die aanbreek van die Covid-19-pandemie in 2020 moes ons ons egter skeppend wend tot virtuele maniere om geld in te samel. Ten spyte van die moeilike tye waarin ons ons bevind, het ons steeds bewustheid geskep omtrent voedselonsekerheid en ons ondersteuners genooi om by ons aan te sluit vir die Kaapstad Virtuele Fietsren wat van 8-14 Maart 2021 gehou is.



Rachel Jafta is 'n US Alumna en professor in die Departement Ekonomie. Sy het ruim bygedra tot die #Move4Food-veldtog om voedsel-onsekerheid by US te bekamp.

"Ek het gekies om voedselsekerheid te steun en ek hoop om dit in die toekoms weer te doen. Die behoefte is so groot en in soveel verskillende omgewings dat mens dit stelselmatig moet aanpak."

Ons kyk terug en beweeg vorentoe:

Altesame 15 095 nie-bederfbare items is in 2018 geskenk, insluitende 10 800 etes geskenk deur die PPS-Stigting en kruideniersware geskenk deur die Spar-franchise in die Neelsie Studentesentrum.

In September 2018 het personeel en studente aan 'n 24-uur lange uithoutrap op stilstaande fietse in die Neelsie Studentesentrum deelgeneem en kollektief die 8 477 km geborg wat per fiets afgelê is (dit is omtrent die afstand van Stellenbosch na die grens van Egipte.)

In September 2019 het die Maties Ruiterklub deur Stellenbosch gery om mense bewus te maak van #Move4Food. Hulle het ook groente gekweek en hulle energie en uitputlike voorraad fertiliseerder vanaf perde gebruik om by te dra tot die saak.

In Desember 2018 het 'n span studente van ons Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe 'n 902 km-fietstoer onderneem vanaf die grens tussen Namibië en Suid-Afrika tot by Kaap Agulhas, en R66 000 ingesamel.

In 2018 het alumnus Folkers Tulkki-Williams 375 km oor Estland gestap om R10 000 vir #Move4Food in te samel.

Hoogtepunte van #Move4Food geleenthede

Kaapstad Marathon 2018
R255 996 | 153 vrywilligers
Kaapstad Marathon 2019
R51 240 | 47 vrywilligers
Kaapstad Fietstoer 2019
R19 600 | 25 vrywilligers
Kaapstad Fietstoer 2020
R44 753 | 60 vrywilligers
ABSA Cape Epic 2020
R39 050 | 2 vrywilligers
Tygerberg Hippocampus
R66 000 | 5 vrywilligers
VK-fondsinsameling 2020
R10 423 | 22 donasies
Benelux-streek-&-Frankryk-fondsinsameling 2018-2019
R26 000 | 12 donasies

Komende #Move4Food-gebeure

Virtuele Comrades Marathon 2021 – 13 Junie 2021
Virtuele Tuiskoms – Ry, Stap, Draf ter ondersteuning van #Move4Food – 26 September 2021
Kaapstad Fietstoer — 10 Oktober 2021
Kaapstad Marathon — 16 & 17 Oktober 2021
947 Ry Joburg — 21 November 2021

Inperking 2020/2021: #Move4Food

As 'n noodfonds stel #Move4Food ons maatskaplike werkers in staat om 'n student wat geassesseer is, onmiddellik te help met tot 'n maksimum van R1 500 per student per jaar. In 2020 was die gemiddelde toelaag R750 per persoon, gebaseer op hulle nood na assesserings gedoen is. Sommige studente is ook meer as een keer gedurende die jaar gehelp. In 2020 het ons R494 450 van #Move4Food-toelaes onder 656 studente uitgedeel om te verseker dat hulle toegang tot voedsel het.

Die meeste studente meld vir steun aan gedurende die kritieke jaareindeksamentyd tussen Oktober en Desember wanneer voedseltoelaes uitloop. Die vraag na steun gedurende hierdie tydperk het 57% van steun in 2020 beloop. Befondsing vir voedselsteun tydens die eksamentydperk is hoofsaaklik gedek deur die #Move4Food-fonds. Benewens die fondse wat deur middel van #Move4Food versprei is, is studente van kospakkies voorsien en studente van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheids-wetenskappe het voordeel getrek uit die Fakulteit se Nagraadse Studenteraad se kruideniersware-koopbewyse.

Met die ruimskootse steun van ons skenkers het die #Move4Food-inisiatief sedert 2018 meer as R1,4 miljoen ingesamel. Tydens die moeilike inperkingstydperk van April 2020 tot einde Mei 2021 het u R446 400,24 aan hierdie uiters noodsaaklike inisiatief bygedra.

"Die Harry Crossley-Stigting is terdeë bewus van die impak van voedselonsekerheid op studente en hulle vermoë om akademies te presteer. Ideaal gesien behoort geen student honger te ly nie en ons steun vir Move4Food is 'n direkte reaksie op hierdie situasie." —

Skenkingsplatform	Aantal donasies	Totale bedrag tot op hede
GivenGain	**69**	**R30 518.74**
EFO-	**56**	**R367 931.50**
Debietorder en aftrekorders (lg. US-personeel)	**47**	**R22 000**
Aanlyndonasies	**13**	**R25 950**
Total	**192**	**R446 400.24**

U vrygewigheid in syfers

R1 406 192
ingesamel sedert 2018

656
Studente gehelp met etebystand tydens die Inperking van Maart 2020 tot Desember 2020

R446 000
ingesamel tussen Maart 2020 en Mei 2021

R227 500
van #Move4Food-toelaes versprei van Januarie tot einde Mei 2021

192
studente voorsien van etebystand van Januarie 2021 tot Mei 2021

570
voorgraadse studente en 86 nagraadse studente gesteun gedurende 2020

2020
Bystand verskaf aan 373 vroue- en 283 mansstudente gedurende 2020

R494 450
van #Move4Food-toelaes versprei tussen Maart en Desember 2020

#Move4Food: Hoe u 'n verskil kan maak

Ons wil seker maak dat elkeen van ons studente die beste kans op sukses het en dat honger nie 'n hindernis vir hulle is nie. As sodanig gaan #Move4Food oor die skep van 'n gemeenskap wat omgee vir die behoeftes van ons studentebevolking. Ons geldinsamelingspogings is daarop gemik om 'n volhoubare befondsingsbron op te bou om voedselonsekerheid by ons universiteit te bekamp. Met die rampspoedige uitwerking van Covid-19 op mense se bestaan en die domino-effek op ons studentegemeenskap werk ons aanhoudend daaraan om volhoubare oplossings te vind om te verseker dat ons studente hulle volle potensiaal kan bereik. Sedert die ontstaan, het die #Move4Food-inisiatief bygedra tot die skep van 'n finansiële veiligheidsnet vir studente wat die gevaar loop om honger te ly. As ons vooruit kyk, wil ons voortgaan daarmee om volhoubare oplossings in te stel om voedselsekerheid vir al ons studente te verseker, sodat huidige en toekomstige Maties-geslagte voorspoedig sal wees. U kan ons help om dit te verwesenlik op die volgende wyses:

Hoe word u donasie bestuur?

- Fondse wat ingesamel word vir #Move4Food word toegeken aan 'n toegewyde rekening.
- Fondse word volgens individuele geval verdeel volgens voorafbepaalde riglyne en dieselfde nodige noulettendheid word gevolg soos vir die Universiteit Stellenbosch se Finansiële Beleid en Noodfondskriteria.
- Studente wat voedselonsekerheid ervaar, word geassesseer deur die maatskaplike werkers by die Universiteit se Sentrum vir Studentevoorligting en Ontwikkeling.
- Fondse word versprei aan studente aan wie dit toekom uit die #Move4Food-rekening wat geadministreer word deur die Universiteit se Afdeling Beurse en Lenings.

Skenk aan #Move4Food

Koste van Etes	ZAR
3 etes per dag vir 1 student vir 7 dae	420
3 etes per dag vir 1 student vir een maand	1800
3 etes per dag vir 1 student vir 6 maande	10 800
Een jaar se voedsel vir 5 studente	108 000

Vir meer inligting oor hoe u kan bydra, besoek:
>> http://www.sun.ac.za/english/donors/ways-to-give

Samel fondse in vir #Move4Food

U kan ook die saak ondersteun deur deel te neem aan een van ons portuur-tot-portuur-aktiwiteite. Deur deel te neem aan 'n sportaktiwiteit wat by u belangstellings inpas, kan u help om fondse vir #Move4Food in te samel.

Vir inligting oor #Move4Food se portuur-tot-portuur-aktiwiteite of om te bespreek hoe u 'n verskil kan maak in die lewens van ons studente, tree in verbinding met Siya Ndlovu by ndlovus@sun.ac.za

Vir addisionele inligting en om te bespreek hoe u of u organisasie kan bydra tot hierdie inisiatief, en daardeur 'n verskil maak in die welsyn van ons studente namate hulle deur hierdie uitdagende tye navigeer, tree in verbinding met Candice Egan by eganc@sun.ac.za.

U kan ook regstreeks uitreik na die betrekkingebestuurder wat reeds vir u by die US aangewys is. Ons span sal u en die organisasie wat u verteenwoordig graag help met u skenking aan hierdie verdienstelike saak.

Ten slotte: Dankie! Ons sien daarna uit om saam vorentoe te beweeg ter ondersteuning van #Move4Food.

MAAK MET ONS KONTAK:

www.matiesalumni.com
www.matiesconnect.com

Volg die #Move4Food-veldtog op sosiale media via Facebook, LinkedIn, Instagram en Twitter.

Stellenbosch Alumni

@MatiesAlumni

@SU_Alumni

ALUMNI
UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY
100
1918 · 2018